Nrs./Nos. 50 & 51 1966 Apr. & Aug.

# Pretoriana





TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER
MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA ASSOCIATION
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

**Republiekfeesuitgawe** **Republic Festival Edition**

**Prys : 25c : Price**

Digitised by the University of Pretoria, Library Services




*Met erkenning aan Boëseken e.g se Geskiedenis-Atlas vir Suid-Afrika, Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1984*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# *INHOUD/CONTENTS*

DR. N. A. COETZEE:
Voorwoord/Preface.
PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES & DR. M. C. VAN ZYL:
Die republikeinse strewe in die geskiedenis van Suid-Afrika.
DR. JAN PLOEGER:
Kommandant-generaal A. H. Potgieter.
PROF. DR. F. A. VAN JAARSVELD:
Kommandant-generaal A. W. J. Pretorius.
DR. JAN PLOEGER:
President J. P. Hoffman.
PROF. DR. F. J. DU TOIT SPIES:
President J. N. Boshof.
DR. M. C. VAN SCHOOR:
President J. H. Brand.
PROF. F. J. DU TOIT SPIES:
President F. W. Reitz.
PROF. F. J. DU TOIT SPIES:
President M. T. Steyn.
PROF. DR. W. J. DE KOCK:
Administrateur N. C. Gey van Pittius.
ANONIEM:
President L. J. Meyer.
MNR./MR. W. S. ROBERTSON:
President S. Parker.
PROF. DR. W. J. DE KOCK:
Administrateur G. J. van Niekerk.
PROF. DR. F. A. VAN JAARSVELD:
President M. W. Pretorius.
MNR./MR. H. M. REX:
President W. C. Janse van Renseburg.
DR. M. C. VAN ZYL:
President T. F. Burgers.
DR. J. I. RADEMEYER:
President S. J. P. Kruger.
MNR./MR. JANNIE KRUGER:
Staatspresident C. R. Swart.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# VOORWOORD.

## DIE REPUBLIKEINSE STREWE IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# VOORWOORD — PREFACE

Vir my is dit 'n voorreg en eer om die *Republiekfeesuitgawe* van *Pretoriana* namens die Genootskap Oud-Pretoria aan sy lede en die hele volk van Suid-Afrika aan te bied.

Die Genootskap deel in die volksvreugde wat spruit uit die besef dat die Republiek van Suid-Afrika die volmaking is van die republikeinse strewe wat sedert die volksplanting op 6 April 1652 in die volkslewe uiting gevind het.

Die vryheidsgees het dan ook die historiese bestemming van die volk van Suid-Afrika deur meer as drie eeue gerig — dit was die rigsnoer in die lewe van die eerste vryburgers, die pioniertrekboere, die Groot Trekgemeenskap en die republieke wat op verskillende tye en plekke so spontaan in ons vaderland ontstaan het.

Dit is 'n pragtige ingewing om hierdie uitgawe van **Pretoriana** aan die herinnering te wy van al die Suid-Afrikaanse republieke en presidente wat die weg gebaan het vir die huidige Republiek van geheel Suid-Afrika. Die artikels oor die minder-bekende en minder-belangrike presidente is grotendeels die vrug van oorspronklike geskiedkundige navorsing. Dat dit in verhouding met die ander artikels meer ruimte in beslag neem, sal dus verskoon word. Die te boekstelling van hierdie onbekende feitemateriaal oor leiersfigure in die volksgeskiedenis is 'n paslike bydrae in hierdie heuglike fees.

Hierdie uitgawe het as basis gedien vir die publikasie van die gids vir die uitstallings oor die presidente van die republeke van Suid-Afrika wat gedurende die feesgety in Pretoria te sien sal wees. Die hartlike samewerking wat verkry is van mev. Kotie Roodt-Coetzee, Direktrise van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum, wat die uitstallings reël, word met waardering vermeld. So lewer die Genootskap Oud-Pretoria 'n verdere bydrae tot die Republiekfees.

'n Woord van besondere dank aan die Redaksiekomitee, bestaande uit mnr. Hermann Rex, die Redakteur, prof. dr. F. J. du Toit Spies en mnr. W. S. Robertson. Die geskiedskrywers word bedank vir hulle skeppende werk. Ons dank ook aan dr. M. C. van Zyl vir die aandeel wat hy in die voorbereiding van hierdie uitgawe gehad het.

The Old Pretoria Society was founded on 22nd March, 1948. PRETORIANA has appeared since 1951. Pretoria has proved to the other towns in South Africa that a local historical society can be a success and can do its share to preserve our cultural heritage.

The mutual respect between the English- and Afrikaans-speaking



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sections of our community is promoted by an historical society. Besides the wealth of material presented in its journal, it fosters goodwill in the hearts of our people. This can be considered a national asset in our beloved fatherland.

This is a special edition of PRETORIANA appearing on a very special occasion. The fifty issues that have appeared so far are considered Africana of the first order and serve as an invaluable source of historical information about the capital of the Republic of South Africa.

DR. N. A. COETZEE,
*Voorsitter, Genootskap Oud-Pretoria.*
*Chairman, Old Pretoria Society.*

# DIE REPUBLIKEINSE STREWE IN DIE GESKIEDENIS VAN SUID-AFRIKA

**Herkoms van die strewe.**

NOUDAT die Republiek van Suid-Afrika vyf jaar oud geword het, is dit seker nie onvanpas nie om weer eens na te gaan wat alles bygedra het tot die verwesenliking van die republikeinse ideaal op 31 Mei 1961. Wat hier volg is slegs 'n historiese oorsig.

Algemeen word aanvaar dat die republikeinse gedagte in Suid-Afrika van tweërlei oorsprong is. In die eerste plek was daar die Nederlandse agtergrond. Gedurende die hele Kompanjiestydperk aan die Kaap was Nederland 'n republiek. Die voorstelling wat die koloniste van hulle moederland in hulle omgedra het, was dus dié van 'n republiek, en daarby het die koloniste na mate hulle meer verteenwoordiging op regeringsliggame gekry het, kennis gemaak met sommige van die demokratiese beginsels wat eie aan die Nederlandse Republiek was.

In die tweede plek het die voorbeeld van die Republiek van die V.S.A., gestig in 1787, ongetwyfeld ook die gedagtegang van die Kaapse koloniste beïnvloed. Voeg hierby nog die idees van Volksoewereiniteit, Vryheid en Gelykheid, wat vanuit die rewolusionêre Frankryk oor die hele wêreld uitgedra is en ook in die Kaap weerklank gevind het. Soos in Nederland was daar teen die einde van die agtiende eeu ook 'n Patriotte-beweging aan die Kaap.

Die Kaap het in die laaste twee dekades van die agtiende eeu nogal heelwat beroeringe beleef. Petisies en vertoë, en selfs opstande, was voortdurend in die lug. Tog moet goed begryp word dat dit geen verset teen



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die Nederlandse Republiek ingehou het nie, maar veeleer gerig was teen die korrupte Verenigde Oos-Indiese Kompanjie, wat feitlik op sy laaste bene gestaan het. So was die sogenaamde „Republieke" van Graaff-Reinet en Swellendam (1795) nooit republieke nie en ook nooit as republieke bedoel nie. Onafhanklikheid, los van Nederland, is nooit nagestreef nie. Wanneer albei die distrikte dit by verskillende geleenthede as hulle strewe uitspreek om „onder een Vrije Republiek te sorteeren", het hulle daarmee bedoel die vrye Republiek van Nederland. Tog getuig dit van 'n mate van selfstandigheid, wat veral tot uiting kom toe die twee distrikte later in 1795 weier om aan die Engelse invaller te kapituleer.

Daar is 'n direkte verband aan te toon tussen die Patriotte-beweging aan die Kaap en die Voortrekkerrepublieke wat in die dertiger- en veertigerjare van die negentiende eeu vorm aanneem. Die Groot Trek was 'n vryheidsbeweging en die vrye state wat tot stand gekom het, het vanselfsprekend 'n republikeinse vorm aangeneem. Daar was geen ander alternatief nie. In der waarheid het die onafhanklikheidsgedagte en die republikeinse ideaal eers met die Groot Trek na vore getree toe duisende landverhuisers hulle ten doel gestel het om die Britse bestuur van die Kaapkolonie af te skud en in die binneland onafhanklikheid te vind. Die trekgroepe was egter nie eensgesind oor die trekrigting nie. Sommige het die Drakensberg oorgesteek; ander het wes daarvan gehou, en so in verskillende gebiede tot rus gekom. Gevolglik is dit begryplik dat daar verskeie staatjies ontstaan het — almal met 'n republikeinse inslag — wat eers later tot groter eeenhede saamgebind is.

* * *

**Die republieke in Natal.**

Die Voortrekkers wat die Drakensberg oorgesteek het, het na baie ontberings en hewige botsings met die Zoeloes (Retiefmoord, Bloukrans, Italeni, Bloedrivier) die Republiek Natalia in 1839 gestig, met as grense die Swart Umfolozi, die Drakensberg en die Umzimvubu. 'n Verkose Volksraad van vier-en-twintig lede met 'n Voorsitter, ook „President" genoem, was die hoogste gesag, maar die uitvoerende funksie daarvan was hoofsaaklik in die hande van Andries Pretorius, wat as Kommandant-generaal en militêre hoof 'n permanente posisie beklee het. Hy het eintlik die funksie van Staatshoof vervul.

Hierdie eerste Voortrekkerrepubliek het nie vir lank bestaan nie. Die Britse owerheid aan die Kaap was nie daarmee gediend dat so baie van sy onderdane met die Groot Trek die Kolonie verlaat het nie. Pogings om die Groot Trek te keer of die landverhuisers te laat terugkeer, het egter misluk. So is die hawe van Port Natal van Desember 1838 af vir 'n jaar lank met 'n troepemag beset om te verhoed dat die Voortrekkers voorrade van skepe kry. Vervolgens is Port Natal in Mei 1842 weer eens deur 'n Britse mag onder kaptein Smith beset.


Andries Pretorius het die Britse besetting met 'n kommando teen-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gegaan en die troepe van Smith na 'n skermutseling by Congella, 23 Mei 1842, beleër. Dick King ontsnap egter om hulp te gaan soek, waarna twee Britse skepe opdaag en Smith ontset. Verdere verset was nutteloos en op 15 Julie 1842 onderwerp die Volksraad hom aan Britse gesag. Talle Voortrekkers het Natal hierna verlaat. Op 12 Mei 1843 het Natal 'n Britse kolonie geword en in Desember 1845 het die eerste Luitenant-goewerneur, Martin West, die nuwe bewind ingelui. Tot en met West se koms het die Volksraad nog in samewerking met die Britse bevelvoerder gefunksioneer, dog daarmee het alle Voortrekkerinstellings verdwyn. Teen die einde van 1847 het die meeste Voortrekkers onder leiding van Andries Pretorius Natal verlaat.

Onder hulle was daar 'n groepie afkomstig van die Klipriviergebied, geleë tussen die Buffels- en Tugelarivier, wat vir 'n kort tydjie 'n onafhank-



*A. T. SPIES*



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

like staatjie was. Dit het so gekom: Hoewel die Klipriviergebied volgens 'n traktaat wat Henry Cloete na die aaneksasie van Natal met Zoeloe-opperhoof Panda gesluit het, deel van Natal was, het Panda dit blykbaar nie erken nie en die Boere van die gebied gemolesteer. Toe die Natalse regering hulle geen hulp wou verleen nie, het die Boere direk met Panda onderhandel en die gebied vir 1,000 riksdalers van hom gekoop. So word dan in Mei 1847 die onafhanklike Klipivierstaatjie gestig met A. T. Spies as Leier en Kommandant. Luitenant-goewerneur Martin West was nie hiermee gediend nie; hy laat Panda 'n verklaring onderteken dat die Klip-riviergebied aan Natal behoort en eis in Oktober 1847 'n eed van trou aan die Britse kroon van die inwoners daarvan. Die meeste van die Kliprivier-boere het die gebied daarop verlaat en so is die staatjie gesmoor voordat dit op dreef gekom het.

* * *

**Republikeinse staatsvorming wes van die Drakensberg.**

In die Wes-Drakensbergse gebied het die eerste pogings om 'n staats-organisasie te stig, eers deur Andries Hendrik Potgieter en Gerrit Maritz in 1836 en toe deur Piet Retief en Maritz in 1837, weer vervaag namate die Trekkers verder en uitmekaar getrek het. In die Winburg-gebied het egter Trekkers agtergebly en hulle aanvanklik as deel van die Mooirivier-neder-setting beskou, waar Potgieter in 1838 met Potchefstroom as sentrum 'n onafhanklike staat gestig het. Later is Potchefstroom-Winburg met 'n Adjunkraad met die Republiek Natalia verenig en het daar in der waarheid net een Voortrekkerrepubliek bestaan. 'n Poging van Voortrekkerleier Jan Mocke om die gebied ten suide van Winburg en benoorde die Oranje in die geheel opgeneem te kry, het nie geslaag nie weens die houding van die lojale Trekboere en die inmenging van die Kaapse Goewerneurs.

Met die Britse verowering van Natal het Potgieter en sy Raad alle bande met Natal verbreek. Ook hy probeer in 1844 die suidgrens van Potchefstroom-Winburg na die Oranjerivier uit te skuif, maar die inmenging van die Kaapse bewind deur sluiting van verdrae met die Griekwas en Basoeto's, en die vestiging van 'n Britse Resident op die pasgestigte Bloem-fontein in 1846, het hom laat besluit om liewer weg te trek.

In 1845 verhuis Potgieter met 'n klompie volgelinge na Oos-Transvaal, waar Ohrigstad aangelê word. Die verhuising het egter nie beteken dat Potgieter die Potchefstroom-Winburg-gedeelte van die Voortrekkerstaat prysgegee het nie. Dit was slegs 'n verskuiwing van die hoofsetel na Ohrig-stad. Hier het Potgieter in botsing gekom met die groep wat Natal na die anneksasie verlaat het en onder leiding van Jacobus Burger geredeneer het dat die Natalse Volksraad nooit ontbind het nie en net so in Ohrigstad voortgesit kon word. Spanning en rusie het gevolg; vir 'n tyd was daar selfs twee regerings te Ohrigstad. Eindelik het Potgieter die stryd gewonne gegee en met sy volgelinge na Zoutpansberg verhuis. Hier het hy weer 'n republikeinse gemeenskap onder eie bestuur gestig. Die Wes-Drakensbergse Voortrekkerstaat het geskeur.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services